

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:1-26 (AFR53)

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:1, 4, 16

Vrygemaak om goed te doen

Het jy dalk al gewonder of dit regtig 'n verskil maak of ons goeie dinge of verkeerde dinge doen? Om sonde te doen of nie? As gelowiges weet ons dat ons nié deur ons goeie werke gered kan word nie. So, hoekom doen ons dan enigsins nog goeie werke?

Galasiërs 5 begin met die heerlike boodskap dat *Christus ons vrygemaak* het! Uit ons eie is dit vir ons heeltemal onmoontlik om onself vry te maak van die skuld van die sonde. Maar Jesus Christus het met sy menswording en kruisiging ons sondeskuld op Hom geneem en ons met God versoen. Deur ons geloof in Hom word ons vrygespreek en vrygemaak van die slawerny van die wet, die sonde en die ewige dood.

Hierdie teksgedeelte beskryf dan verder:

- dat 'n verkeerde motivering vir die doen van goeie werke ons slawe maak van die wet. (Gal. 5:2-12 wys dat as mens die wet só probeer onderhou dat jy daardeur probeer bydra tot jou verlossing, jy jouself dan onder 'n slawejuk indwing.)
- dat 'n ongeërgde houding teenoor goeie werke ons weer slawe van ons sondige natuur maak. (Gal. 5:13-21 wys dat as mens die sondes maar laat begaan, onverskillig of roekeloos leef, wanneer jy jou volmaak van die begeerlikhede van jou sondige natuur, dan word jy 'n slaaf van jou eie sondes.)
- Hierteenoor leer vers 16-18,22-25 dat ons vryheid in Christus ons juis dring om die goeie te doen. Ons kan nie anders as om uit dankbaarheid goeie werke te doen, omdat die Heilige Gees ons daartoe dring! Wanneer ons wandel in die Gees (vs 16), ons deur die Gees laat lei (vs 18) en deur die Gees lewe (vs 25) sal die vrug van die Gees (vs 22, 23) waarlik sigbaar word in ons lewens. En dan is dit inderdaad onmoontlik om nié goeie werke te doen nie!

Sing: Psalm 116-1:5

Ds. J Dunn (Johan) (Keetmanshoop/Mariental)